

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

BLOEMFONTEIN: 06-08-2009     SAAKNUMMER: 1465/2009

MARQUARD HOËRSKOOL     1STE APPLIKANT

5     BEHEERLIGGAAM VAN DIE MARQUARD HOËRSKOOL

2DE APPLIKANT

teen

DIE DEPARTEMENTSHOOF:

DEPARTEMENTSHOOF VAN DIE DEPARTEMENT VAN

10     ONDERWYS IN DIE PROVINSIE VRYSTAAT:

1STE RESPONDENT

SUID-AFRIKAANSE DEMOKRATIESE ONDERWYS UNIE

2DE RESPONDENT

MNR. WELDHAGEN

3DE RESPONDENT

15     MNR. VAN DER WATT

4DE RESPONDENT

MNR. KRAUTS


5DE RESPONDENT

20

UITSPRAAK

JORDAAN, R: Hierdie is 'n hersieningsaansoek gebring in terme van die bepalings van Reël 53 wat met verlof van die Regter-president uit gewone orde geplaas is om vandag aangehoor te word. By die aanvang van die verrigtinge is namens/...

25



06-08-2009//16:06  
1465/2009

- 2 -

UITSPRAAK

namens die eerste respondent, synde die enigste respondent wat aktief die aansoek opponeer, aangevoer dat daar 'n punt in limine is wat betrekking het op die proses en is daardie punt reeds afgewys.

5 Die eerste en tweede applikante is onderskeidelik die Marquard Hoërskool en die Beheerliggaam van die Marquard Hoërskool. Die eerste respondent is die Departementshoof van die Departement van Onderwys in die Provinsie Vrystaat. Die tweede respondent is die Marquard tak van die Suid-  
10 Afrikaanse Demokratiese Onderwys Unie en die derde, vierde en vyfde respondente is onderskeidelik mnre. Weldhagen, Van der Watt en Krauts, synde drie kandidate soos hierin later sal blyk aanbeveel is in daardie volgorde vir aanstelling in die pos van skoolhoof te die Marquard Skool.

15 Die aanstellings van onderwysers en onder andere skoolhoof soos in hierdie geval, geskied ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Indiënsnemings van Opvoeders 76 van 1998. Van belang vir doeleindes van hierdie aansoek is sekere bepalings van Artikel 6 daarvan. Ingevolge Artikel  
20 6(1)(b) word die aanstelling van 'n persoon gedoen in diens van die Provinsiale Departemente van Onderwys deur die Departementshoof synde die eerste respondent in hierdie aansoek. Ingevolge paragraaf sub(2) van Artikel 6 word bepaal dat:

25 "Behoudens/...

06-08-2009//16:08  
1465/2009

- 3 -

UITSpraak

5 "Behoudens die bepalings van hierdie hoofstuk, die Wet op Arbeidsverhoudinge of 'n kollektiewe ooreenkoms wat deur die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys gesluit is, moet aanstellings in, en bevorderings of oorplasings na, poste op 'n diensstaat van opvoeders kragtens hierdie Wet gedoen word ooreenkomstig die prosedure en die vereistes wat die Ministers bepaal."

Artikel 6(3)(a) lees gedeeltelik as volg:

10 "Behoudens paragraaf (m) kan enige aanstelling, bevordering of oorplasing in of na enige pos op die diensstaat vir opvoeders van 'n openbare skool of 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding slegs op aanbeveling van die Beheerliggaam van die openbare skool of die Raad vir die Inrigting vir verdere Onderwys  
15 en Opleiding na gelang van die geval gedoen word."

Artikel 6(3)(b)(ii) bepaal

20 dat by oorweging van die aansoeke moet die Beheerliggaam of die Raad na gelang van die geval verseker dat die beginsels van billikheid, herstel en verteenwoordigendheid nagekom word en die Beheerliggaam of Raad na gelang van die geval, moet hou by

25 "(ii) Enige prosedure waarop kollektief ooreengekom is of wat deur die Minister bepaal is vir die aanstelling/...

06-08-2009//16:09  
1465/2009

- 4 -

UITSpraak

aanstelling, bevordering of oorpasing van  
opvoeders."

Artikel 6(3)(c) bepaal dat:

5 "Die Beheerliggaam of die Raad na gelang van die  
geval 'n lys van voorkeur volgorde aan die  
Departementshoof moet voorlê van minstens drie name  
van aanbevole kandidate."

En in terme van subartikel (6)(3)(f) word bepaal

10 dat ondanks die voorkeur volgorde in paragraaf (c) en  
behoudens paragraaf (d) kan die Departementshoof enige  
geskikte kandidaat op die lys aanstel."

Die betrokke pos was geadverteer om gevul te word  
reeds met ingang van Januarie van hierdie jaar. Aansoeke is  
verkry. 'n Komitee is aangewys om 'n kortlys saam te stel en  
15 is so gedoen en is daar ook onderhoude gevoer met die kortlys  
kandidate en is aanbevelings deur die betrokke komitee aan  
die Beheerliggaam gedoen van die skool wat op sy beurt  
aanbevelings aan die eerste respondent gedoen het met  
betrekking tot aanstelling. Laasgenoemde se aanbevelings het  
20 behels dat derde, vierde en vyfde respondente in daardie  
volgorde van voorkeur aanbeveel word vir aanstelling.

Tydens die voer van die onderhoude was waarnemers  
van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwys Unie, (die  
tweede respondent) sowel as die Suid-Afrikaanse Onderwys  
25 Unie/...

06-08-2009//16:11  
1465/2009

- 5 -

UITSpraak

Unie teenwoordig asook 'n verteenwoordiger van die Departement in haar hoedanigheid as 'n sogenaamde "School Management and Governance Developer", ene me. Madikizela.

Na die onderhoude gevoer is en die aanbevelings aan die Beheerliggaam gemaak is en die Beheerliggaam se aanbevelings aan die eerste respondent gemaak is het die tweede respondent sekere dispute verklaar oor die proses waardeur die aanbevelings gegaan het en is daar ook sekere klagtes oor die proses geopper deur me. Madikizela.

10 Die eerste respondent het as gevolg daarvan sekere ondersoekke laat doen deur beamptes van die Departement en uiteindelik is die tweede applikant as synde die Beheerliggaam deur die eerste respondent in kennis gestel dat die proses van onderhoudsvoering onreëlmatig geskied het en derhalwe

15 herhaal moes word. Hierdie mededeling het ongeveer 8 Januarie van hierdie jaar geskied. Daarna het die twee applikante redes vir die besluit aangevra en op ongeveer 23 Januarie van hierdie jaar is sodanige redes verskaf. Ek mag net meld dat bo en behalwe hierdie redes wat verskaf is die

20 dispute wat deur die tweede respondent geopper is heelwat meer verskillende besware geopper het as wat deur die eerste respondent in hierdie brief van 23 Januarie die jaar (as Aanhangsel V aan die stukke aangeheg) geopper is as die redes vir sy besluit.

25 Ek/...

06-08-2009//16:13  
1465/2009

- 6 -

UITSpraak

Ek haal aan die brief paragraaf 2: e.v.:

- 5
- "2. A number discrepancies were reported by the resource person, miss Khumesa Madikizela, which may have had the implication that the interviews may not have been objective, transparent and that all candidates were treated equally.
3. The main discrepancies are the following:
- 10
1. The interview panel did not formulate in writing the questions posed to the candidates. Furthermore, no written memorandum for responses was set by the panel.
2. All candidates were not asked the same as well as all questions and
- 15
3. Observers were excluded when the selection panel ranked the candidates and prepared motivation for each candidate.
- 20
4. In my letter dated 8 January 2009 I have provided the School Governing Body with the opportunity to redo the interview process and their response to accept or decline the opportunity: will be considered before I take a decision regarding the declining of the recommendation."

Die voorskrifte vir aanstelling van onderwysers of skoolhoofde is behalwe soos in die wet vervat ook vervat in 'n

25 beweerde/...

06-08-2009//16:15  
1465/2009

- 7 -

UITSPRAAK

beweerde kollektiewe ooreenkomste waarvan afskrifte by die  
stukke aangeheg is. Daar is 'n dispuut tussen die applikant  
en die respondent of daardie kollektiewe ooreenkomste  
regsgeldig en van toepassing is aangesien dit blyk dat dit nie  
5 deur al die partye wat daardeur geraak word onderteken is nie  
en dit derhalwe nie noodwendig van toepassing is op die  
proses wat hier gevolg is nie. Vir doeleindes van hierdie  
uitspraak sal ek aanvaar dat dit wel van toepassing is en dit  
kom ook voor asof die applikant gepoog het om daar  
10 ooreenkomstig te handel met die keuringsproses en  
aanbevelingsproses, maar selfs al is dit so; wat vereis word vir  
nakoming van daardie voorskrifte is substansiële nakoming  
van sodanige voorskrifte. In hierdie verband sien Observatory  
Girls Primary School and Another v Head of Department of  
15 Education Gauteng 2003 (4) SA 246 te 255d waar Howard,  
wnr R, myns insiens tereg die volgende sê:

“Accepting for present purposes that the prescribed  
procedure is peremptory I am satisfied that strict  
compliance is not necessary. All that is called for is  
20 substantial compliance.”

Hy verwys dan ook na ander gesag in hierdie verband. Later  
met verwysing na daardie spesifieke saak sê hy:

“I am satisfied that the procedure that the school  
followed fully achieved the purpose of the legislation. To  
25 hold/...

06-08-2009//16:17  
1465/2009

- 8 -

UITSpraak

hold otherwise would be to elevate form above  
substance."

Soos reeds vermeld is daar in effek drie gronde vermeld deur  
die eerste respondent vir sy besluit of eerder sy versuim om 'n  
5 aanstelling te doen. Die eerste is dat die onderhoudspaneel  
nie die vrae in skrif formuleer het nie. Eerstens is dit nie  
korrek nie, want dit blyk uit die notule dat die vrae in skrif  
geformuleer is. Daar is selfs 'n voorafgaande handgeskrewe  
voorgestelde vraelys en het mnr. Motlounq namens die  
10 respondent uiteindelik moes toegee dat daardie grond geen  
water hou nie.

Tweedens wat daardie selfde grond betref is vermeld dat  
daar nie 'n geskrewe memorandum van antwoorde tot die vrae  
opgestel was nie. Dit spruit klaarblyklik voort uit die lys van  
15 besware wat deur die tweede respondent opgestel is en waarin  
die volgende onder andere gesê word:

"Possible expected answers were not formulated."

Dit is ook duidelik dat hierdie beweerde beswaar geen water  
hou nie, intendeel is dit na aan die belaglike om te verwag  
20 dat voorgestelde antwoorde geformuleer moet word op die vrae  
wat aan die onderskeie kandidate gevra is of moes word.  
Onder andere behels dit vrae soos die volgende:

"Why do you think you are the ideal candidate?

How do you feel about the future of education in South  
25 Africa?/...



06-08-2009//16:19  
1465/2009

- 9 -

UITSpraak

Africa?

How will you promote the school?

Experience as previous deputy or principal, what were your ups and downs?"

- 5 Nou om voorgeskrewe antwoorde op hierdie vrae vir verskeie  
kandidate te formuleer is klaarblyklik en opsigtelik nie moontlik  
nie. En dit is ook nie die doel van vrae om 'n korrekte of 'n  
verkeerde antwoord te hê nie, maar bloot om ondersoekend te  
wees na die kandidaat se persoonlike omstandighede en  
10 sienswyses. Dit maak geen sin dat hierdie deel enigsins 'n rol  
gespeel het by die besluit van die eerste respondent nie.

Die volgende beswaar wat geopper word deur die eerste  
respondent is:

- 15 "That all candidates were not asked the same as well as  
all questions."

Hierdie beswaar blyk uit die objektiewe getuienis synde die  
notules ongegrond te wees. Die onderskeie vrae is juis  
voorafgaande die onderhoude opgestel en dit blyk ook uit die  
punte wat toegeken is tydens die onderhoude dat daar net  
20 hierdie aantal vrae wat opgestel is met elke kandidaat  
behandel is en is daar net vir soveel kandidate elk dieselfde  
aantal vrae gevra. Dit is wel gemeensaak dat een van die  
kandidate 'n sekere vraag nie gevra is nie omdat die betrokke  
paneel van oordeel was dat die kandidaat weens die skool  
25 waarin/...

06-08-2009//16:21  
1465/2009

- 10 -

UITSpraak

waarin hy is voldoende kennis daaroor beskik en dit nie nodig is om hom daaroor uit te vra nie. Toe daar later beswaar daaroor gemaak is, is daardie kandidaat teruggeroep en is die vraag aan hom gestel en is dit reggestel.

5           Wat meer is, die proses waarvolgens die vrae gestel is en die antwoorde bereken en gepunt is, is substansiële voldoening aan die voorskrifte van selfs die kollektiewe ooreenkoms. Dit is vry en regverdig, deursigtelik so en daar is geen sprake daarvan dat een kandidaat bo 'n ander bevoordeel  
10 is in hierdie opsig nie.

Die derde en laaste punt wat geopper word as grondslag vir die besluit of gebrek aan besluit van die eerste respondent is die volgende:

15           "Observers were excluded when the selection panel rank the candidates and prepared motivation for each candidate."

Die betrokke kollektiewe ooreenkomste indien dit van toepassing is bepaal as volg:

20           "The Union representatives shall be observers to the process of short listing, interviews and drawing up of a preference list. The Union representatives shall not be part of the decision making when recommendations are made for appointable, non-appointable candidates. However, immediately at the end of the proceedings  
25 Union/...

- 11 -

Union representatives can raise their concerns/objections and declare a dispute if an application's (sic) has not been dealt with according to agreed upon procedures."

Die klagte is dat nadat die onderhoude gevoer is die betrokke  
5 waarnemers van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwys  
Unie ook die Suid-Afrikaanse Onderwys Unie en mev.  
Madikizela uitgesluit is van die proses om die rangorde van  
voorkeur van kandidate vir aanstelling te bepaal. Dit is wel  
duidelik dat die betrokke waarnemers teenwoordig was as  
10 waarnemers toe die punte toegeken is tydens die voer van die  
onderhoude en die punte orde of rangorde bepaal is. Onder  
andere is een van die klagtes van die tweede respondent in sy  
verklaring van 'n dispuut dat die betrokke komitee "used their  
own rating scale (forms) not the official ones". Hulle sou dit  
15 nie geweet het as hulle nie by was toe die punte toekenning  
geskied het nie. Die paneel se aanbeveling aan die  
beheerliggaam het dan ook geskied in oorstemming met die  
punte-rangorde.

In die opponerende verklaring sê die deponent vir die  
20 eerste respondent in paragraaf 9.1:

"Soon after parties agreed on the ratings of each  
candidate the SGB insisted that they wanted to convene  
on their own to discuss the ranking of candidates.  
Madikizela together with the Union raised an objection to  
25 this/...

- 12 -

this as in terms of Annexure WGM(2) item 3.1 they are entitled to be observers."

Die betrokke aanhangsel bepaal bloot dat die paneel onder andere by openbare skole sal bestaan uit:

- 5 "One departmental representative which may be the school principal or school management developer as an observer and resources person, principal of the school, members of the school governing body and then one Union representative per Union as supplied by the union
- 10 that is party to the Provincial Chamber of the ELRC."

En dan volg die deel wat ek reeds aangehaal het tot die effek dat hulle waarnemers sal wees, maar nie aan die besluitneming kan deelneem wanneer voorkeur lyste saamgestel word nie.

- 15 Namens die eerste respondent is klem gelê op die dokument getiteld P010 en is aangevoer deur mnr. Motlounge dat daardie dokument daarop dui dat die betrokke waarnemers ook kon deelneem aan die aanbevelingsproses. Die dokument bepaal onder deel C wat handel met die "interviewing process"
- 20 en onder C2, onder andere die volgende:

"Union representatives should be invited as observers and be encouraged to respect the confidentiality of the recommendation process."

- Wat van belang is, is dat daar 'n aanbeveling gedoen word
- 25 deur/...

- 13 -

deur die betrokke onderhoudsvoerende komitee aan die Beheerliggaam en die Beheerliggaam doen weer aanbevelings aan die eerste respondent vir die betrokke aanstelling. Soos reeds in paragraaf 9.1 van die opponerende verklaring gesê, 5 bekla die eerste respondent hom daarvoor dat die waarnemers uitgesluit is in die besluitneming van die Beheerliggaam se aanbevelings terwyl die dokument PO10 waar die betrokke gedeelte voorkom handel met die gedeeltes waar die komitee onderhoude voer en nie met die Beheerliggaam se 10 aanbevelings nie. Die gedeelte van die dokument wat handel met die Beheerliggaam se aanbevelings word onder paragraaf C5 daarvan vervat en bevat bloot die name van die voorgestelde kandidate in volgorde en dan 'n sertifikaat van die voorsitter van die Beheerliggaam tot die effek dat die 15 proses behoorlik en sonder onbehoorlike beïnvloeding geskied het en met inagneming van die voorskrifte soos deur Wet voorgeskryf. Daar word dieselfde vereiste nie herhaal nie.

In elk geval is die posisie dat die betrokke waarnemers slegs dit is en dit is waarnemers in terme van die kollektiewe 20 ooreenkoms en kan hulle nie deelneem aan die besluite nie soos hierbo reeds aangetoon. Selfs al sou die betrokke persone die reg gehad het om teenwoordig te wees selfs by die Beheerliggaam se besluit, sou die vraag wees of die feit dat hulle nie daar teenwoordig was nie tot effek hê dat die 25 proses/...

- 14 -

proses sodanig gekompromitteer is dat kan bevind word dat dit wesenlik onreëlmatig en nie substansiële voldoening aan die voorskrifte wat ter sprake is, is nie.

Die ander dokument waarop redelik klem gelê is namens  
5 die eerste respondent is die betrokke advertensie wat geplaas is en waar aansoeke vir die verskillende poste aangevra is. In die betrokke advertensie word op bladsy 135 van die stukke onder aan die volgende gesê:

10 "Only SADTU and CTU-SAOU are recognised to observe the short listing and interviewing processes."

Geen melding word daarin gemaak dat hulle ook waarnemers sou wees by die stadium wat aanbevelings deur die Beheerliggaam gemaak moet word nie.

Wat meer is as 'n mens kyk na die tydskedule wat in  
15 dieselfde advertensie verskyn dan blyk dit dat die tydperk voorsien vir kortlysting en onderhoude sou strek vanaf 22 September tot 17 Oktober 2008 en dat die tydperk vir aanbevelings deur die Beheerliggame sou strek van 15 tot 24 Oktober 2008. Dit hou noodwendig in dat die  
20 aanbevelingsproses nie noodwendig geskied gelyktydig of tesame met die onderhoudsproses nie en daarna kon geskied wat ook daarop dui dat die bedoeling klaarblyklik nie kan wees dat die waarnemers ook by die Beheerliggaam se beraadslaging daaromtrent teenwoordig mag wees of  
25 noodwendig/...

- 15 -

noodwendig teenwoordig moet wees nie.

Die Beheerliggaam het in die onderhawige geval wel een verandering aan die aanbeveling van die paneel wat die onderhoude gevoer het, gedoen. Daar is egter geen sweem  
5 van getuienis dat die Beheerliggaam op enige wyse beïnvloed is, onbehoorlik opgetree of weens onvoldoende redes en arbitrêr aanbevelings gemaak het nie.

Die besluit wat die eerste respondent geneem het, naamlik dat die onderhoudsproses herhaal moet word is nie 'n  
10 besluit waartoe hy gemagtig word deur enige bepaling van enige reël wat op hierdie aangeleentheid van toepassing is nie. Hy moes of 'n aanstelling maak of hy moes weier om 'n aanstelling te maak. Die blote feit dat hy bloot wou hê dat die onderhoudsproses herhaal moet word dui daarop dat hy met  
15 die res van die proses geen probleme gehad het nie. Inteendeel blyk dit uit die stukke dat hy uitdruklik vermeld dat hy geen probleem het met die geskiktheid van die voorgestelde drie kandidate nie, maar bloot met die prosedurele verloop van die aanbevelings. Behalwe dat die besluit soos hy geneem het  
20 nie enigins deur enige Wet of voorskrif gemagtig word nie is daardie besluit ook nie op enige rasionele gronde regverdigbaar nie en moet dit tersyde gestel word. Die vraag is welke bevele verleen behoort te word.

Namens die applikant word aangevoer dat hierdie hof  
25 reeds/...

- 16 -

reeds moet beveel dat die derde respondent as voorkeur  
kandidaat aangestel moet word in die betrokke pos. In hierdie  
verband steun die applikant op die voormelde saak van  
Observatory Girls Primary School and Another v Head of  
5 Department of Education Gauteng wat ek reeds na verwys het,  
'n uitspraak van Howard, wnr. R, asook op 'n uitspraak van die  
Hoogste Hof van Appèl, naamlik Head Western Cape Education  
Departement and Other v Governing Body Point High School  
and Others. In beide van welke gevalle die hof bloot gelas  
10 het dat 'n betrokke kandidaat aangestel moet word.

Ek moet darem daarop wys dat in die eersgenoemde saak  
die Hof die geleentheid gebied het aan die partye om die hof  
weer te nader om aansoek te doen vir wysiging van die bevele  
indien gerade.

15 Namens die respondent voer mnr. Motloung aan dat daar  
in die omstandighede van hierdie geval eerder bevele verleen  
moet word wat die aangeleentheid na die eerste respondent  
verwys en hom gelas om 'n kandidaat aan te stel in terme van  
die bepaling van Artikel 5(3)(f) van die Wet.

20 Die applikant voer aan dat dit nie in die omstandighede  
van hierdie geval gewens is nie. Eerstens, omdat die eerste  
respondent homself reeds bewys het as iemand wat besluite  
neem op grond van arbitrêre oorwegings en sonder behoorlike  
inagneming en beoordeling van die betrokke faktore wat  
25 relevant/...



- 17 -

relevant is, en tweedens, omdat hy weens die feit dat hy  
onsuksesvol in hierdie aansoek is, heel moontlik of  
waarskynlik vyandiggesind sou wees en dan nie die eerste  
keuse wat deur die applikante aanbeveel is, sal aanstel indien  
5 hy toegelaat word om sy eie diskresie uit te oefen nie.

Dit dien vermeld te word dat hierdie aansoek op al die  
respondente beteken is en ook op die derde, vierde en vyfde  
respondent. Die vierde en vyfde respondent berus hulle by die  
uitspraak van hierdie hof en opponeer nie die aansoek nie.

10 Die onderskeie kandidate, derde, vierde en vyfde  
respondent se punte toekenning was onderskeidelik 68, 62 en  
53 punte. Volgens al die stukke voor my wat natuurlik ook  
voor die eerste respondent dien en geding het, is dit  
klaarblyklik so dat die derde respondent oftewel die eerste  
15 kandidaat die mees geskikte kandidaat vir die pos is.

Ek is van mening dat dit geen doel sal dien om die  
aangeleentheid na die eerste respondent te verwys met 'n  
bevel wat hom gelas om 'n keuse te maak in terme van Artikel  
63(f) nie en veral weens die feit dat ons reeds in Augustus sit  
20 terwyl die aanstelling al in Januarie moes geskied het, dit  
uiters dringend is dat 'n aanstelling nou gemaak word en  
finaliteit bereik moet word.

Wat koste betref het die applikant uit die aard van die  
saak aangevoer dat koste die suksesvolle party toekom.  
25 Namens/...

- 18 -

Namens die respondent is aangevoer dat elke party sy eie koste moet betaal omdat die respondent nie *mala fide* was in die opponering van die aansoek nie. Ek kan geen rede sien waarom die normale gevolg nie hier sal geld nie en word die

5 volgende bevele gemaak:

1. Die eerste respondent se versuim om te handel ingevolge die bepalings van Artikel 6(1)(b) of 6(3)(e) of 6(3)(f) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 word hersien en  
10 tersyde gestel.
2. Die eerste respondent word gelas om die derde respondent aan te stel as die prinsipaal van die eerste applikant binne 10 dae na datum van hierdie bevel.
- 15 3. Die eerste respondent word gelas om die koste van hierdie aansoek te betaal.

**HOF VERDAAG**

OORSKRYFSTERSERTIFIKAAT

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat in soverre dit hoorbaar is, die voorafgaande 'n ware en juiste transkripsie van die oorkonde is van die oorspronklike verrigtinge wat deur middel van 'n meganiese opvangtoestel opgeneem is in die saak van:

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

I, the undersigned, hereby certify that insofar as it is audible, the aforegoing is a true and correct transcription of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

MARQUARD HOERSKOOL & 1 ANDER versus	DEPARTEMENT VAN ONDERSWYS PROVINSIE VRYSTAAT & ANDERE
SAAKNOMMER / CASE NUMBER	1465/2009



OORSKRYFSTER/TRANSCRIBER: (MEV/MRS) J E OOSTHUIZEN  
KRINÓ TRANSKRIPSIEDIENSTE BK